maskew miller learning

KABV



GRAAD 1

VERSAMELBUNDEL

# Platinum

## Afrikaans Huistaal

Janike du Plessis • Anja du Preez

EXTRACT PAGES

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in ’n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur ’n e-pos aan copyright@mml.co.za te stuur.

Eerste uitgawe 2025

ISBN: 9781779833532
ePDF-ISBN: 9781834978130

Uitgewer: Ruchelle Lombard
Redakteur: Hennely Nel
Redigering: Riana Barnard, Karien Slabbert en Catrina Wessels
Omslagontwerp: MML Visual Design en Wouter Reinders
Omslagillustrasie: Raphael Njoroge
Boekontwerp: MML Visual Design
Illustrasies: MML, Chaise Frederick, Chad Hanning, Raphael Njoroge, Deborah Breach, Gerda Smit, Candice Cruse, Zoe du Toit, Aadilah Haffejee, Kobus Galloway, Ronéll Lareman en Lein Smuts
Setwerk: Natascha Olivier en Marius du Plessis
Gedruk deur [ ]

EXTRACT PAGES

# Inhoudsopgawe

## Kwartaal 1

**Tema 1: Wie is ek?**
Ek is Relando *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

**Tema 2: Vriende en familie**
Ek verjaar *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6

**Tema 3: Ek doen lekker dinge**
Wat kan Apie vandag doen? *(Storie)* . . . . . . 10

**Tema 4: Almal saam**
Ons kampeer *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

**Tema 5: By die skool**
Die skooldag *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19

## Kwartaal 2

**Tema 6: Ek kan dink**
Melissa se dagdrome *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . 24

**Tema 7: Pret by die skool**
Die beste geskenk ooit *(Storie)* . . . . . . . . . . . 28

**Tema 8: Reptiele**
Frikkie Verkleur *(Gedig)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

**Tema 9: Ek is gesond**
In die sop *(Artikel)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 38

**Tema 10: My regte en verantwoordelikhede**
Willie se verantwoordelikhede *(Storie)* . . . . . 43

## Kwartaal 3

**Tema 11: Veiligheid**
Veiligheid in die kombuis *(Inligtingsteks)* . . . 48

**Tema 12: Wat eet ek?**
Wat eet Imani? *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

**Tema 13: Seisoene**
Die Somerkoning *(Sprokie)* . . . . . . . . . . . . . . . 58

**Tema 14: Die weer**
Die mens en die weer *(Volksverhaal)* . . . . . . 64

**Tema 15: Klimaat**
Ons lekker klimaat *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . 70

## Kwartaal 4

**Tema 16: Wat doen diere?**
Hoekom olifante nie see toe gaan nie *(Volksverhaal)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75

**Tema 17: Soorte huise**
Lieka soek 'n woonplek *(Storie)* . . . . . . . . . . 82

**Tema 18: In en om die huis**
Askoek en die huisfeetjie *(Storie)* . . . . . . . . . 89


**Tema 19: 'n Nuwe huis**
Zeb bou 'n huis *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . 96

**Tema 20: My huis**
Dowe ore *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102

EXTRACT PAGES


SAMPLE PAGES

# Tema 1: Wie is ek?



EXTRACT PAGES

## Ek is Relando

Relando is ’n vriendelike seun. Hy is ses jaar oud. Relando en sy ma gaan vandag baie pret hê. Hy is opgewonde. Hulle ry eers winkel toe om inkopies te doen voor hulle in die park gaan speel.

“Wie is jy?” vra hy vir die man in die motor wat langs hulle by die robot wag. Die man glimlag en waai vir Relando.

Relando sit in die trollie. Mamma stoot hom deur die gange tussen die rakke.

"Wie is jy?" vra Relando vir die baba wat in 'n ander trollie verbykom. Die baba glimlag vir hom.

Relando klap hande, rek sy oë groot en trek 'n skewe gesig. Die baba dink Relando is baie snaaks.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Relando en Mamma sit by ’n tafel in die koffiewinkel.

Hy tel sy bord met krummels op en sit dit versigtig op die vloer neer sonder dat Mamma dit opmerk. Hy wil die kat nader lok.

“Wie is jy?” vra Relando vir die kat. Die kat gee ’n sagte miaau en skuur teen sy been.



Relando en sy maats speel in die park se sandput. Mamma sit op die houtbankie en lees.

'n Skoenlapper kom sit bo-op Relando se kop. Relando en sy maats dink dis baie snaaks.

"Wie is jy?" vra hy vir die skoenlapper.

Die skoenlapper maak 'n wye sirkel om Relando se kop en vlieg weg.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Relando en Mamma loop hand aan hand op ’n kronkelpaadjie deur die park. ’n Vrou waai van ver vir hulle en draf nader. Sy gesels vrolik met Mamma.

“En wie is jy?” vra sy vir Relando.

“My naam is Relando,” sê hy trots. “Ek is ses jaar oud.” Dit is lekker om nuwe vriende te maak.

# Tema 2: Vriende en familie




## Ek verjaar

My naam is Thandolwethu Thomas. My vriende noem my Thando en my ouma noem my Prinses. Ek het swart, krullerige hare en bruin oë.

Ek is in graad 1 by Somerstrand Laerskool. My juffrou se naam is juffrou Grobler en sy is vreeslik gaaf.

Ek het baie maats, maar my beste vriendin is Karla. Sy sit langs my in die klas. Ons hou daarvan om vir mekaar prentjies te teken en briefies te skryf.

Ek en my ouma verjaar op dieselfde dag. Sy word vanjaar sewentig jaar oud en ek word sewe.

Ons albei verjaar op 3 November. Ek kan nie wag om sewe te wees nie.

Ons het besluit om saam partytjie te hou. Sy wil graag ’n wortelkoek hê, maar ek dink net oumense hou van wortelkoek. My maats my reënboogkoek kry.

Daar moet ook gesonde kos by die partyjie wees. Dalk kan ons toffie-appels maak.

“Dit is mos vrugte,” sê ek vir Ouma. Ouma lag lekker. Pienk en pers en ligblou toffie-appels … met ’n paar groenes daarby. Ja, dit sal lekker wees. Ouma hou van groen en ek is lief vir pers.




EXTRACT PAGES

Ons maak uitnodigings vir ons partytjie. Ouma stuur dit vir haar vriende en ek stuur dit vir myne. Ons gaan ’n teepartytjie in die tuin hou.

Ons adres is Strandstraat 8, Somerstrand. My familie bly in Gqeberha. My ouma sê Gqeberha is in die Oos-Kaap en die Oos-Kaap is in Suid-Afrika, en Suid-Afrika is in Afrika. Sy is baie slim, my ouma.






Vandag versier ons die tuin en maak alles gereed vir die partytjie. Daar is oral ballonne en ons dra die meubels na buite.

“Dit is pragtige weer vir ’n partytjie,” sê Ouma. Lente is my gunstelingseisoen. Die winter is te koud en die somer is weer te warm.

Die voëltjies sing en die blomme ruik soos heuning. Oupa is baie bly dat die gras groen is.

EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

Dit is my verjaarsdag! Dit is heerlik om saam met my familie en vriende partytjie te hou.

Ons baljaar in die tuin en lag vrolik. Ons drink lemoensap uit fraai teekoppies en geniet my reënboogkoek. Die grootmense drink tee en eet wortelkoek.

My verjaarsdagpartytjie is 'n groot sukses.

## Wat kan Apie vandag doen?

**Storieverteller:** Dit is ʼn warm somersdag in die Krugerwildtuin. Die diere ontmoet by die watergat.


**Apie:** Sjoe, dit is darem vreeslik warm vandag!

**Mevrou Seekoei:** Kom swem, Apie. Dit is baie lekker om te swem. Die water is so koel.

**Apie:** Ek kan nie swem nie, mevrou Seekoei ... en ek is te bang vir die krokodille.

EXTRACT PAGES





**Storieverteller:** Apie wil ook lekker dinge doen soos swem. Hy besluit om verder te stap. Sy voete brand op die warm sand en hy wip-wip soos hy loop. 'n Arend vlieg hoog in die lug.

**Arend:** Kom, Apie! Gebruik jou vlerke en vlieg! Dit is so lekker om te vlieg en dis heerlik koel hierbo.

**Storieverteller:** Apie klap sy arms so hard as wat hy kan, maar hy kan nie opstyg nie.

**Apie:** Dit werk nie, Arend! Ek het nie vlerke nie!


EXTRACT PAGES

**Storieverteller:** Apie is hartseer. Hy wil ook lekker dinge doen soos om te vlieg. Hy kom op 'n trop olifante af wat in 'n modderbad speel.


**Olifant:** Apie, kry jy warm? Kom koel saam met ons af in die modderbad. Dit is baie lekker om rof te speel.

**Storieverteller:** Apie klim versigtig in die modderbad, maar hy is heeltemal te klein om saam met die rowwe olifante te speel.

**Apie:** Help my! Help my!



PAGES




EXTRACT PAGES

**Storieverteller:** Apie stap verder. In die hitte drup die sweet van hom af. Hy wens hy kon lekker dinge doen soos rof speel. Hy loop verby ’n familie van meerkatte.

**Meerkat:** Middag, Apie. Hoekom is jy buite as dit so warm is? Kom klim saam met ons in ons gat. Dit is heerlik koel onder die grond.

**Storieverteller:** Apie probeer om in die gat te klim, maar hy sukkel om sy kop deur die opening te kry. Hy is te groot.



**Storieverteller:** Apie is moedeloos.

Hy kan nie lekker swem soos 'n seekoei nie en ook nie lekker vlieg soos 'n arend nie. Hy kan nie lekker rof speel soos olifante nie en ook nie saam met die meerkatte in hulle gate inkruip nie.

Hy besluit om terug huis toe te loop.

**Groot Aap:** Apie! Jippie! Jy is terug! Kom klim saam met ons in die boom. Dit is so lekker om boom te klim. Kom voel hoe koel is dit hier tussen die blare.

**Storieverteller:** Apie klouter vinnig en rats teen die boom op.

**Apie:** Dit ís lekker om boom te klim. Ek kan ook lekker dinge doen.

EXTRACT

# Tema 4: Almal saam



## Ons kampeer

Dit is vakansie en ons gaan by die see kamp. Ek en my boetie is so opgewonde!

Pappa laai ons bagasie. Die motor is stampvol. Ons hond, Stoffel, kom ook saam.


EXTRACT PAGES

Ons hou daarvan om te kamp. Daar is baie families by die kampterrein en almal is gaaf.
Boetie speel met sy blokkies.
Ek jaag vir Stoffel op my fiets.
Mamma dra solank van die tasse nader.

Soggens gaan ons strand toe. Ons almal hou van verskillende dinge.

Ek en Stoffel hou daarvan om te swem. My boetie bou sandkastele met sy emmer en graaf. Mamma hou daarvan om in die son te bak en haar boek te lees. Pappa hou daarvan om vis te vang.





In die middag koop Pappa vir ons roomys. Hy verkies slaptjips. Ek en Mamma is die liefste vir pienk roomys. Boetie het ʼn sjokolade-roomys.

Ek en Pappa koes toe ʼn seemeeu probeer om van sy tjips te gaps. Hy land op Pappa se arm en wil met ʼn yslike slaptjip in sy snawel wegvlieg. Dit val op die grond. Ek en Pappa lag sommer van die skrik.

EXTRACT PAGES


EXTRACT PAGES

Saans braai ons vleis. Vanaand braai Pappa vir ons tjops en boerewors. Mamma maak vir ons braaibroodjies. Ek is baie lief vir braaibroodjies. Desembermaand is die beste tyd van die jaar. Ek wens dit kon altyd vakansie wees.

# Tema 5: By die skool

## Die skooldag

Welkom by Laerskool Groenpunt in Kaapstad.

Die leerders moet elke oggend teen kwart voor agt by die skool wees. Voor die skool begin, speel almal buite. Wanneer dit reën, mag leerders na hulle klaskamers gaan.

Die skoolklok lui om agtuur. Dit is die teken dat leerders in netjiese rye na hul klaskamers moet stap. Dit is teen die reëls om in die skool se gange te hardloop.

EXTRACT PAGES






Die leerders staan in 'n ry buite die klaskamer. Juffrou Bernard is die graad 1-klas se juffrou.

Elke oggend groet sy elkeen wanneer hulle by die klas instap.

Die klasreëls is op juffrou Bernard se muur vasgeplak:

1. **In hierdie klas gee ek my beste.**
2. **In hierdie klas is ek altyd vriendelik met my maats.**
3. **As ek 'n vraag het, steek ek my hand op.**
4. **Buite hardloop, lag en baljaar ons.**

EXTRACT PAGES

In die klas kry die leerders elke dag ’n nuwe taak. Hulle oefen om te lees en te skryf en doen ook wiskunde.

Wanneer die leerders klaar is met hulle opdragte, mag hulle iets op die rak kies om mee te speel. Daar is houtblokkies, legkaarte en boeke. Hulle kan ook met kryte teken of met verskillende kleure klei speel.




EXTRACT PAGES

Die klok lui om elfuur vir pouse. Die leerders haal hul kosblikke uit hul tasse en gaan speel buite.

Hulle het groot pret. Daar is ’n klimraam met swaaie en ’n glyplank. Sommige kinders speel op die grasperk met ’n sokkerbal. Ander sit onder ’n boom en eet hulle toebroodjies.

Ná pouse gaan die leerders terug na hulle klaskamers.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Die skooldag eindig om eenuur vir die graad 1-klas. Wanneer die skoolklok lui, pak almal hul tasse en stap na die parkeerterrein.

Daar word die leerders opgelaai. Party kinders ry met hul ouers huis toe. Ander maats vat die skoolbussie huis toe.